## bestuur@mgev.co.za

**From:** bestuur@mgev.co.za
**Sent:** Thursday, 18 January 2024 11:44
**To:** 'dkotze@mosselbay.gov.za'; 'Steyn, Douw'; 'cpuren@mosselbay.gov.za'; 'admin@mosselbay.gov.za'
**Cc:** 'yvanderberg@mosselbay.gov.za'; 'Van der Berg, Yolande'; 'Van der Berg, Yolande'; 'nslabbert@mosselbay.gov.za'
**Subject:** Inligting en Navrae oor die slegte skud van die R74 000 000

Geagte Mr Dirk Kotze en Mosselbaai Munisipale Bestuur:

Neem Asseblief kennis van die forum van die Mosselbaai Grondeienaars Vereniging (MGEV).

Dit is nou sedert 10 Junie 2022 met die stigting van die MGEV.
Die vergadering met die Mosselbaai Raad op 31 Oktober 2022.
Die persoonlike besoek by Mr Dirk Kotze op 1 Desember 2022.
En die daaropvolgende skrywes waarop die MGEV tot op datum geen reaksie gekry het nie.
Die ignoreer van die probleme van die gemeenskap van Mosselbaai moet bestuur word deur die MGEV
Meer as ‘n jaar later met geen reaksie op al ons skrywes nie kan die MGEV geen ander pad sien as die forum aan die gemeenskap om probleme op die manier te bestuur nie.
Bovermelde feite kan op die MGEV se aanlyn forum gelees en geverifieer word by:
https://mgev.co.za/index.php?topic=25.0

Graag ontvang die MGEV ‘n lys van e-pos adresse van watter departement vir watter funksie verantwoordelik is om vrae uit die gemeenskap direk aan die betrokke departemente hoof gestuur kan word.
Tot die e-pos lys van die departemente nie ontvang is nie sal navrae aan al die adresse geseur word op die MGEV se databasis van die Munisipaliteit is.

Die MGEV wil dit onder u aandag bring dat die Munisipaliteit met die gemeenskap se trustgeld werk – Net soos Monte Christo bestuur onder die wet van trustgeld sorteer net so die Munisipaliteit van Mosselbaai.

Daarom  het die Gemeenskap volgens Grondwet van RSA die volgende regte:

Artikel 7, 32 en 33

## Regte

7. (1) Hierdie Handves van Regte is ŉ hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.
   (2) Die staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.
   (3) Die regte in die Handves van Regte is onderworpe aan die beperkings in artikel 36 of elders in die Handves vervat of genoem.

## Toegang tot inligting

32. (1) Elkeen het die reg op toegang tot–
      (a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en
      (b) enige inligting wat deur ŉ ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.
    (2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

## Regverdige administratiewe optrede

33. (1) Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.
    (2) Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg op die verskaffing van skriftelike redes.
    (3) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie regte gevolg te gee, en moet–
      (a) voorsiening maak vir die hersiening van administratiewe optrede deur ŉ hof of, waar dit gepas is, ŉ onafhanklike en onpartydige tribunaal;
      (b) die staat verplig om aan die regte in subartikels (1) en (2) gevolg te gee; en
      (c) ŉ doeltreffende administrasie bevorder.

Met verwysing na die R73 000 000 trustgeld van die gemeensakap afgeskryf ontvang die MGEV graag die volgende inligting:

1) Wie is die “indigent Debtors” ‘n lys van die volgende word verlang:

   a. Naamlys van die “indigent Debtors”
   b. Adres van die eiendom ter sprake
   c. Die waardasie van die eiendom ter sprake
   d. Bedrag afgeskryf per eiendom
   e. Detail van die dienste afgeskryf

Nota 41 van die Finansiële state:

## Mossel Bay Municipality
## Annual Financial Statements for the year ended 30 June 2023

## Notes to the Annual Financial Statements

| Figures in Rand | 2023 | 2022 |
|---|---|---|

**41. Debt impairment and Bad Debts written off**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| Debt impairment | 11 938 682 | 49 446 288 |
| Reversal of debt impairment | (51 301 981) | (702 317) |
| | (39 363 299) | 48 743 971 |
| Bad debts written off | 78 907 504 | 16 914 122 |
| | **39 544 205** | **65 658 093** |

Traffic fines written off is included in the total for Bad debts written off and amounted to R 8 325 900 as at 30 June 2023 (2022: R 10 775 150).

Bad debts written off to the amount of R73m during the current financial year is mainly due to the write-off of irrecoverable indigent debtor accounts following a change in Council's policy on the criteria of indigent households.

Die Gemeenskap van Mosselbaai het versoek dit die MGEV die afskrywing ondersoek.

Kyk weer na die afskrywing van die R74 000 000 – wie sê ons moet meer inligting kry oor die R74 miljoen afgeskryf vir huise wat minder as R125 000 werd is in Mosselbaai – Asook watter dienste is afgeskryf vir die huishoudings. Ja- Ons wil meer weet of Nee

Select one or more

Ja 66

Nee 0

14:56

View votes

Vriendelike Groete
Die MGEV Bestuur